



eduresourceza.com



**Hoërskool Vredenburg
Afrikaans EAT
Graad 12**

VRAESTEL 1: TAAL

Junie 2023

Eksaminator: L.Basson

Moderator: A. de Beer en V. Lamprecht

TOTAAL : 80

TYD: 2 UUR

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

AFDELING A: Leesbegrip	(30)
AFDELING B: Opsomming	(10)
AFDELING C: Taal	(40)

2. Beantwoord AL die vrae.
3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
4. Trek 'n streep ná elke afdeling.
5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
6. Laat 'n reël oop na ELKE antwoord.
7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.
8. Skryf netjies en leesbaar.

Net die beste gee voldoening

AFDELING A: LEESBEGRIP

VRAAG 1: ARTIKEL

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS A

MOENIE NET PRAAT NIE; DOEN IETS!

1. Stil-stil maak Suid-Afrikaners 'n verskil.
Max Lucado, 'n geestelike skrywer, glo dat elke mens 'n begeerte het om 'n verskil op aarde te maak en om iets vir iemand te beteken. Maar om dit te doen, moet mense moue oprol. Gelukkig sien ons deesdae al minder "julle moet"-mense en meer "ons moet"-mense. Dit is mense wat bereid is om self te doen en te gee.
2. Ayakha Melithafa, Donalene Johanessen en Candice Mostert is maar net drie Suid-Afrikaners wat besluit het om deel te wees van die "ons moet"-mense wat 'n verskil in SA wil maak. Ayakha Melithafa se familie is boere wat erg deur die droogte in SA getref is.
3. Ayakha het navorsing gedoen en agtergekom dat die verandering in klimaat die oorsaak van die droogte was. Sy het besef dat nog swaarder tye op hulle wag. Toe het sy geweet dat sy mense sal moet bewus maak van klimaatsverandering en die negatiewe gevolge daarvan. Daarom het sy by verskillende organisasies aangesluit.
4. Een van hierdie organisasies is Projek 90 teen 2030, wat koolstof teen 2030 wêreldwyd met 90% wil verminder. Die tweede een is die Afrika Klimaat Alliansie. Hulle maak mense bewus van klimaatsverandering. Deur hierdie Alliansie het Ayakha ander jong oorsese omgewingsaktiviste leer ken, onder andere Greta Thunberg van Swede.
5. Ayakha wil 'n stem vir die omgewing wees. Sy wil graag sien dat politieke leiers aandag aan die probleme rondom klimaatsverandering gee. Hulle moenie dink dat sy dinge uit haar duim suig nie. Hulle moet mense wat niks daarvan weet nie, inlig.
Hulle moet die jeug en gemeenskappe inspireer om die omgewing beter te bewaar.
Mense moet weet wat hulle kan doen om klimaatsverandering te keer.
6. In 2013 het Donalene Johanessen Royal Kidz gestig. Dit is 'n nie-winsgewende organisasie wat minderbevoorregte kinders op verskillende maniere help. Die Marriotts Hotelgroep het ook by hierdie projek betrokke geraak en besluit om lakens wat hulle nie meer gebruik nie, vir haar te skenk. Die lakens is van 'n goeie kwaliteit; daar is selfs lakens van Egiptiese katoen.

eduresourceza.com

7. Donalene en haar werkers gebruik hierdie lakens om skoolhemde en warm baadjies vir minderbevoorregte kinders te maak. Uit een koningsgrootte laken kan 5 skoolhemde gemaak word. Dis hoe die Sheets for Shirts-projek ontstaan het.
8. 2019 was 'n goeie jaar. 'n Donasie van 300 skoolhemde is aan Graad R-1-leerders aan die Primêre Skool Eastville gegee. Vir Mandeladag is meer as 1 000 skoolhemde, winterbaadjies en skoene aan leerders van verskillende skole geskenk.
9. Dit was nog altyd Donalene se droom om 'n vaste werkplek vir plaaslike naaldwerkers te hê. Marriotts het toe R1,2 miljoen vir Donalene gegee om Restore SA Pty Ltd te begin. Dit is haar eie besigheid. Sy het 11 vroue en 2 mans in diens, 'n permanente fabriek in Parow en 'n aanlyn winkel. Sy gebruik 40% van haar besigheid se wins vir Royal Kidz se projekte.
10. Uiteindelik strek Donalene se projek verder as om net skoolklere te voorsien. Hierdie projek het ook haar werkers se lewens positief verander. Hulle verdien nou 'n vaste inkomste, voel goed oor hulleself en het 'n doel in die lewe. Die kinders wat deur haar projek gehelp word, woon nou gereeld skool by.
11. Donalene pak ook die plastiekprobleem in ons land aan. Sy maak wasgoedsakke vir hotelle uit die ou lakens. Nou hoef hotelle nie meer plastieksakke daarvoor te gebruik nie.
12. Nog iemand wat iets omtrent die enorme plastiekprobleem probeer doen, is Candice Mostert. Sy ondersteun die idee van ekostene. Ekostene help om plastiekafval te verminder.
13. Vir 'n ekosteen het 'n mens 'n 2 l-koeldrankbottel nodig. Jy vul die bottel met skoongewaste plastiek soos penne, plastieksakkies en plastiekbakkies wat nie weer gebruik kan word nie. Hierdie ekostene word dan vir verskillende dinge gebruik, bv. om vloere en mure op te vul en bankies vir skoolterreine te bou.
14. Candice se organisasie, Waste-Ed, werk saam met gemeenskappe in die Wes-Kaap. In 2019 het hulle 20 ton plastiek van vullishope af verwyder en in ekostene gebruik. Daar is 37 skole wat saam met haar werk. Sy sê ekostene is 'n goeie manier om kinders te leer om die omgewing te bewaar.
15. Dit is maar drie Suid-Afrikaners wat in die "ons moet"-span speel. Vir watter span draf jý uit?

LET WEL:

Beantwoord AL die vrae.

Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

- 1.1 Watter skrywer glo dat alle mense 'n verskil aan ander se lewens wil maak? (1)
- 1.2 "Gelukkig sien ons deesdae al minder 'julle moet'-mense en meer 'ons moet'-mense." (Paragraaf 1)
Waarom kan ons sê dat hierdie stelling 'n MENING is en nie 'n feit nie? (1)
- 1.3 Kies die **KORREKTE** antwoord uit dié tussen hakies.
"Julle moet"-mense is mense wat graag (eise stel/verantwoordelikheid aanvaar). (1)
- 1.4 Waarom het Ayakha se familie swaargekry? (1)
- 1.5 Ayakha het by verskillende organisasies, wat op klimaatsverandering fokus, aangesluit. (1)
- 1.5.1 Noem **TWEE** organisasies waarby Ayakha aangesluit het. (2)
- 1.5.2 Waaruit kan 'n mens aflei dat hierdie organisasies nie nét in klimaatsverandering in Suid-Afrika belangstel nie? (1)
- 1.6 "Hulle moenie dink dat sy dinge uit haar duim suig nie." (Paragraaf 5) (1)
- 1.6.1 Word "uit haar duim suig" hier **LETTERLIK** of **FIGUURLIK** gebruik? (1)
- 1.6.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.6.1 deur te verduidelik wat "uit haar duim suig" beteken. (1)
- 1.7 Sê watter hotelgroep entrepreneurs se drome waar maak en motiveer jou antwoord met 'n bewys uit die leesstuk. (2)
- 1.8 Hoeveel skoolhemde kan uit een koningsgrootte laken gemaak word? (1)
- 1.9 Wat was in 2019 Donalene se projek vir Mandeladag? (1)

- 1.10 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.10) en die letter (A–D) neer.

Die kinders wat deur Donalene se Sheets for Shirts-projek gehelp word, woon nou gereeld skool by. Hieruit lei ons af dat ...

- A - party kinders nie van hierdie projek sal hou nie.
- B - alle leerders nou hierdie hemde behoort te dra.
- C - hierdie projek onderwys in ons land indirek ondersteun.
- D - ander hotelle ook by hierdie projek betrokke gaan raak. (1)

- 1.11 Watter tipe houer gebruik Candice om ekostene te maak? (1)

- 1.12 Die skrywer se doel met hierdie teks is om vir die leser presies te verduidelik wat klimaatsverandering is.

Motiveer waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

- 1.13 Daar is verskillende organisasies waarvan ons in hierdie teks lees, elk met sy eie funksie. Kies die beskrywing in KOLOM B wat by die organisasie in KOLOM A pas. Skryf die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.13.1 tot 1.13.4) neer.

Kolom A	Kolom B
1.13.1 Projek 90 teen 2030	A maak die jeug van herwinning bewus
1.13.2 Restore SA Pty Ltd	B fokus net op klimaatsverandering in Afrika
1.13.3 Royal Kidz	C laat volwassenes menswaardig voel
1.13.4 Waste-Ed	D fokus op 'n gesonder toekoms vir die wêreld
	E laat ander projekte ontwikkel wat op kinders fokus

(4)

- 1.14 Hou die hele teks in gedagte. Waarom is die sin hieronder 'n goeie samevatting van die inhoud? "Maar om dit te doen, moet mense moue oprol." (Paragraaf 1) (2)
- 1.15 In hierdie teks lees ons van drie mense wat 'n verskil gemaak het. Kies EEN van die drie wat jy sou ondersteun. Sê wat hierdie persoon se grootste bydrae tot SA is en hoe jý hierdie persoon op 'n praktiese/werkbare manier sal ondersteun. (1)

[25]

SPOTPRENT TEKS B:

Bestudeer die spotprent en beantwoord die vrae wat volg



- 1.16 In watter opsig aanvaar die vrou nie regtig die man vir wie hy is nie? (1)
- 1.17 Waar het die man aan sy inligting gekom wat hy aan sy vrou oordra? (1)
- 1.18 Gee bewyse uit die spotprent wat daarop dui die man nie sy kant bring in die huis nie. (2)

- 1.19 Is die stelling op die koerant se voorblad op mans regoor die wêreld van toepassing? Motiveer jou antwoord.

(1)

[5]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING

Lees die teks hieronder deur en voer die instruksies uit.

VRAAG 2

INSTRUKSIES

- Som **SEWE** nadele van te veel Coca-Cola in jou **EIE VOLSINNE** op.
- Skryf die **nadele** puntsgewys neer.
- Nommer die nadele van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as **70 woorde** wees nie.
- Dui die korrekte getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

TEKS C

DIE NADELE VAN TE VEEL COCA-COLA

Coca-Cola is 'n baie gewilde drankie. Maar wat gebeur as jy te veel daarvan drink?

Coca-Cola bevat suiker, water en geurmiddels. Súiker en jou skaal is glad nie maats nie. Volgens navorsing sal net een blikkie per dag jou elke maand 500 g meer laat weeg. Jy het seker ook al die woord diabetes gehoor. Dit neem regoor die wêreld toe en as jy te veel Coca-Cola drink, loop jy die risiko om ook diabetes te ontwikkel.

Gereelde, gesonde maaltye keer dat die bene in jou liggaam verswak. Baie mense drink eerder Coca-Cola as om gesonde kos te eet. As dit aanhoudend gebeur, sal die bene in jou liggaam verswak en kan jy osteoporose kry. Mense wat hulle tande se emalje oppas, het sterk, gesonde tande wat nie maklik gaatjies kry nie. Een manier om jou tande op te pas, is om minder Coca-Cola te drink.

Coca-Cola bevat selfs meer suiker as lekkergoed. Omdat daar nie 'n balans tussen die suiker, minerale en gas in Coca-Cola is nie, is dit baie nadelig vir jou niere. Jy kan ernstige nierprobleme opdoen. Baie mense moet daaglik medisyne drink vir hoë bloeddruk. Te veel verfynde suiker ontwater die liggaam. Te veel Coca-Cola kan dus tot hoë bloeddruk lei.

Laastens: Coca-Cola se bruin kleur kom nie van bruinsuiker af nie, maar van 'n kunsmatige kleurmiddel. Hierdie kleurmiddel word deur 'n chemiese proses ontwikkel wat jou kanse om kanker te kry, verhoog.

Onthou: voorsorg is beter as nasorg!

TOTAAL AFDELING B : 10

AFDELING C: TAAL

VRAAG 3: ADVERTENSIE

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.
- Die numering in die advertensie verwys na die nommer van die vraag wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

TEKS D

DIE VLEISPALEIS

BRAAI? (3.1) NÓÚ PRAAT JY!!

Braai is in ons bloed!

(3.2) Die Vleispaleis verkoop net die beste vleis. (3.3) Jy moet beslis 'n draai by ons kom maak.

Ons bied ons klante die beste. By ons kry jy:

- ☒ (3.4) 'n (Skoon) slaghuis
- ☒ Produkte om van (3.5) (te kies en te keur)
- ☒ Vleis van goeie (3.6) (gehalte)
- ☒ Goedkoop pryse
- ☒ (3.7) Gereelde winskopies
- ☒ Vriendelike diens

Hierdie Saterdag ...
Skaaptjops teen (3.8) 25% afslag!



- 3.1 Benoem die **skryfteken** en gee die funksie daarvan. (1)
- 3.2 Skryf die sin in die **lydende vorm**. (1)
- 3.3 Herskryf die sin in die **ontkennende vorm**. (1)
- 3.4 Gee die **intensiewe vorm** van die woord tussen hakies. (1)
- 3.5 Verduidelik die betekenis van die **idioom** *te kies en te keur*. (1)
- 3.6 Verdeel die woord **gehalte** in lettergrepe. (1)
- 3.7 Wat word bedoel met *gereelde winskopies*? (1)
- 3.8 Skryf **25 %** in woorde uit. (1)

[8]

VRAAG 4

Bestudeer die onderstaande artikel en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS D

SUIKER: DIS WAT DÍT AAN JOU DOEN

(4.1) Jy weet jy moet minder soetgoed eet. Jy gooi dit by jou koffie/tee. Voeg dit by gebak soos **(4.2) pasteie/pastye** en koek. Sprinkel dit oor jou ontbytvlökkies en hawermout, proe dit in tamatiesous en in feitlik elke versnapering. Suiker. Vir ons is dit 'n verloklike lekkerte. Maar die verband tussen suiker en chroniese siektes kom toenemend onder die soeklig. Kenners beskou ons suikerinname as 'n moontlike oorsaak van die wêreldwye epidemie van vetsug, metaboliese sindroom, hoë bloeddruk, cholesterol en bloedsuiker. Dit kan jou kans op diabetes, bloedvat- en lewersiektes vergroot. Sowat 65% vroue en 31% mans is oorgewig/vetsugtig. Ook sowat 23% kinders van 2 tot 14, volgens die Dieetkundevereniging van SA (ADSA). Tot 150 jaar gelede was suiker nie stapelkos nie. Nou gebruik ons jaarliks gemiddeld sowat 50 kg per persoon. "Dis 29 teelepels per dag!" sê die Dieetkundevereniging.


(4.3) Piet Smit vra of jy presies weet wat die effek van so baie soetgoed op jou liggaam is. Die antwoord is eenvoudig: Jou **(4.4) gesond** word afgebreek! Volgens hom **(4.5) is nalatigheid 'n duur prys om vir jou gesondheid te betaal.** Suikerverslaafdes kan óf natuurlike versoeters óf kunsmatige versoeters as alternatief oorweeg. Jou gesondheid is belangriker as 'n oomblik se lekkerte op jou lippe.



- 4.1 Verander die stelsin in 'n **vraagsin**. (1)
- 4.2 Kies die **korrekte spelling** van die woord tussen hakies. (1)
- 4.3 Herskryf die onderstreepte sin in die **direkte rede**. (1)
- 4.4 Skryf die **korrekte vorm** van die woord neer. (1)
- 4.5 Dink jy die betekenis van die sin word **LETTERLIK of FIGUURLIK** bedoel? Motiveer jou antwoord. (2)

[6]

EN



- 4.6 Wat **VIER** die gesin in hierdie spotprent? (1)
- 4.7 Kies die **KORREKTE** antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte antwoord neer. (1)
- "Boeta is deur!!" is 'n (vraagsin / uitroepsin).
- 4.8 Verduidelik hoe Boeta **VOEL** oor die feit dat hy sy eksamen geslaag het. Motiveer jou antwoord. (2)
- 4.9 Wat is **jou mening** oor Boeta se houding oor sy Matriekuitslae? (2)

[6]

TEKS G

NUWE WIELE VIR WORSHOND

17 November 2018

Sunel Gilliland



Milo het 'n tweede kans gekry en kan nou weer lekker rondloop en hardloop.

'n Onderwyser van die plaaslike (5.1.1) (laerskool), Henk Top, het vinnig planne gemaak toe sy gesin se geliefde worshondjie, Milo (5.1.2) (6), skielik snaaks begin loop het en toe heeltemal verlam in die agterlyf geword het.

"Ons is baie lief vir Milo, hy is deel van die gesin en ons was dadelik baie bekommerd. Ek het die eerste week in Oktober besef (5.1.3) *hy loop snaaks. Na 'n dag of twee het ek hom veearts toe geneem,*" sê Henk.

Hy vertel verder die veearts het aan hom verduidelik dat (5.1.4) hierdie soort rugprobleme 'n algemene kwaal onder worshonde is.

"Sy het gesê dat 'n (5.1.5) **werwel** geskuif het en dat daar drukking op die senuweekolom is," het Henk verder vertel.

Milo het 'n kortisooninspuiting gekry en het 'n (5.1.6) 50% kans gehad om te herstel. Na 'n paar dae was die gesin vreeslik bekommerd, Milo het steeds geen beweging in sy agterpote gehad nie.

"Ek kon dit net nie oor my hart kry om hom te laat uitsit nie, ek moes 'n plan maak."

Henk het begin (5.1.7) navorsing doen en kon niemand in (5.1.8) Suidafrika kry wat karretjies maak vir gestremde hondjies nie.

"Ek het hardewarewinkel toe gegaan en vir (5.1.9) onder R100 alles gekry wat ek nodig gehad het om vir Milo 'n karretjie met wiele te bou."

(5.1.10) Dit was nie lank nie, toe kon Milo weer in die erf rondhardloop met sy nuwe wiele.

"Dit is bietjie moeite om vir Milo aan te gang te hou. Ons moet hom daagliks versorg, maar dit is heeltemal die moeite werd. Hy is al van kleintyd af 'n lieflike hond en ons is baie geheg aan hom."

Henk vertel dat 'n gesin se troeteldiere soveel waarde het en dat 'n mens die (5.1.11) ekstra myl vir hulle moet stap en nie net moet opgee nie.

"Hy kan loop en ons pas hom mooi op."

[Aangepas uit: Boksburg Advertiser, 17 November 2018]

- 5.1.1 Gee 'n **ANTONIEM** van die onderstreepte woord.
Henk Top is 'n onderwyser by die plaaslike laerskool. (1)
- 5.1.2 Wat beteken die **(6)** na die naam van die hond in die volgende sin?
Die gesin se worshondjie, Milo **(6)**, het skielik lam geword. (1)
- 5.1.3 VERBIND die volgende twee sinne met die voegwoord wat tussen hakies gegee word. (2)
Hy het snaaks geloop. Ek het hom veearts toe geneem. **(daarom)**
- 5.1.4 Skryf die volgende sin in die **DIREKTE REDE**.
Dr. Siphokazi sê dat hierdie soort rugprobleme algemeen by worshonde is. (2)
- 5.1.5 Gee die **VERKLEINWOORD** van die onderstreepte woord in die volgende sin. (1)
Die hond het 'n werwel in sy rug beseer.
- 5.1.6 Skryf die getal en simbool tussen hakies in **WOORDE** uit.
Milo het 'n (50%) kans op herstel gehad. (1)
- 5.1.7 Verduidelik die **BETEKENIS** van die onderstreepte woord.
Henk het navorsing oor beseerde honde gedoen. (1)
- 5.1.8 Skryf die **KORREKTE VORM** van die onderstreepte woord.

Hy kon geen Suidafrika kry wat karretjies vir beseerde honde maak nie. (1)

5.1.9 Skryf die volgende sin in die **ONTKENNENDE VORM**.

Henk kon vir onder R100 alles koop wat hy nodig gehad het. (1)

5.1.10 Skryf net die onderstreepte sinsdeel oor. Verander dit na die TOEKOMENDE TYD. (1)

Dit was nie lank nie, toe kon Milo weer rondhardloop.

5.1.11 Skryf die volgende sin in die **LYDENDE VORM**.

Die gesin stap die ekstra myl vir hulle hondjie. (2)

EN

5.2 Kyk na die prent en beantwoord die vrae wat daarop volg:

TEKS H: PRENT



5.2.1 Gee 'n voorbeeld van 'n **LEENWOORD** uit 'n Afrikataal. (1)

5.2.2 Skryf 'n woord wat **KOS** beskryf, uit die teks neer. (1)

5.2.3 Gebruik die woord "yebo" in 'n **VERKLARENDE SIN**. (1)

5.2.4 Skryf die volgende sin in die **INDIREKTE REDE** oor:

Jade sê: "Ons het 'n bakgat skoolhoof wat vir almal eetgoed reël as hy verjaar."

(2)

TOTAAL AFDELING C : 40

GROOTTOTAAL : 80

5.2.5 Kies die korrekte **SPELLING** uit die volgende moontlikhede. Skryf net die nommer van die vraag (5.2.5) en die letter (A-D) neer, bv. 5.2.5 F.

A Suid Afrikaanse flag

B Suid-Afrikaanse vlag

C Suid Afrikaanse vlag

(1)

[20]